

25 September

Geen dood of lewe skei ons van God se liefde nie

Skrif- en Fokusgedeelte: Romeine 8:31-39

My seun het sy worsteling met depressie tot 'n einde gebring toe hy op 'n brose 15-jarige ouderdom homself om die lewe gebring het. Na die aanvanklike skok en verbystering het eindelose vrae gevolg, waaronder:

- Is daar vir moord en selfmoord vergifnis?
- Wat van sy verwyte oor God se beloftes in sy swaar, hartseer lewe?
- Hy was nog te jonk om belydenis van geloof af te lê, en kon nog nie sy verhouding met God uitsorteer nie ... amper, maar hy het nog te veel vrae gehad. Ek sou so graag nog tyd met my seun wou gehad het ... WAAROM JUIS NOU?
- Ek het hom so liefgehad en so baie vir hom probeer doen. Maar wat van die talle foute wat ek gemaak het?
- As predikant kon ek so baie mense "troos" met God se genade, wat ek so goed "verstaan" het ... maar nou verstaan ek nie of my seun deur daardie selfde genade gered is nie?
- Sy dood ruk aan my gereformeerde ankers: IS HY NOU BY U, HERE?

Mense se antwoorde bep(d)roef my: "Miskien het hy tog op die laaste oomblikke vergifnis gevra", en: "Ons sal nooit weet nie ...", en: "Hy het tog sekerlik genoeg goeie werke gedoen ...", en: "Ek voel jammer vir jou. Jy verdien dit nie."

Die Woord word aan my bedien: God herbevestig dieselfde gelofte wat ek met die doop aan my seun bedien het. Hy antwoord uit Romeine 8 (berymd): Wie kan ons voor die Regter daag? Gods uitverkore kind verklaag? Waar is die mond wat durf verdoem as God sy kind regverdig noem?

Niks, geen tipe dood of lewe, onuitgesorteerde geloof, onbesonne sonde of wat ook al, kan ons van die liefde van God skei nie ... want CHRISTUS HET JUIS VIR SONDAARS SOOS ONS GESTERF!

Sing: Skrifberyming 10 (5-4):1-6

Ds. RM van der Merwe (Wolmaransstad)